OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA
OFFICIAL GAZETTE
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30 — Maandag 16 Julie 1984 — WINDHOEK — Monday 16 July 1984 — No. 4928

INHOUD:

Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWING

No. AG. 96 Ordonnansie op die beheer van graan en graanprodukte, 1957: Invoer van mielies en mielieprodukte en verwerking van mielieprodukte in Suidwes-Afrika 2

ALGEMENE KENNISGEWINGS

No. 65 Munisipaliteit van Karasburg: Permanente sluiting van oop ruimte Erf Nr. 176 Lordsville 2

No. 66 Munisipaliteit Swakopmund: Permanente sluiting van 'n gedeelte van Moseleylaan in Tamariskia 3

No. 67 Stad Windhoek: Permanente sluiting van straatgedeeltes tussen Reginald Walker en Grant Webster Straat, Olympia 3

No. 68 Stad Windhoek: Permanente sluiting van 'n gedeelte van openbare oop ruimte, Erf 1128, Katutura 4

No. 69 Dorpstigting: Okahandja (Uitbreiding 5) 4

No. 70 Munisipaliteit Outjo: Wysiging van Aanslagtarief op Elektrisiteitslewering 5

No. 71 Munisipaliteit Tsumeb: Konsepdorpsbeplanningskema (Voorlopig) Kennisgewing Nr. 19/84 5

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICE

No. AG. 96 Control of grain and grain products ordinance, 1957: Importation of maize and maize products into and processing of maize products in South West Africa 2

GENERAL NOTICES

No. 65 Municipality of Karasburg: Permanent closing of open space Erf 176 Lordsville 2

No. 66 Municipality of Swakopmund: Permanent closing of a part of Moseley Avenue in Tamariskia 3

No. 67 City of Windhoek: Permanent closing of street portions between Reginald Walker and Grant Webster Streets 3

No. 68 City of Windhoek: Permanent closing of portion of Public open space, Erf 1128, Katutura 4

No. 69 Establishment of Township: Okahandja (Extension 5) 4

No. 70 Municipality of Outjo: Amendment of Tariff and Charges relating to the supply of electricity 5

No. 71 Municipality of Tsumeb: Draft Town Planning Scheme (Preliminary) Notice No. 19/84 5

Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

Government Notices

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 96 1984

ORDONNANSIE OP DIE BEHEER VAN GRAAN EN GRAANPRODUKTE, 1957: INVOER VAN MIELIES EN MIELIEPRODUKTE EN VERWERKING VAN MIELIEPRODUKTE IN SUIDWES-AFRIKA

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 8 van die Ordonnansie op die Beheer van Graan en Graanprodukte, 1957 (Ordonnansie 42 van 1957), en op aanbeveling van die Graanraad -

(a) verbied ek hierby die invoer van alle mielies en mielieprodukte in die gebied Suidwes-Afrika, uitgesonderd die Oostelike Caprivi Zipfel, behalwe op gesag van 'n permit uitgereik deur of op gesag van die Administrateur-generaal en onderworpe aan die voorwaardes wat die persoon wat bedoelde permit uitreik, na goeddunke bepaal en in bedoelde permit vermeld;

(b) skryf ek hierby voor dat mielieprodukte wat in die gebied Suidwes-Afrika verwerk word, gemerk moet word by wyse van die aanhegting aan die oorspronklike houer daarvan van 'n etiket waarop die naam en adres van die vervaardiger daarvan verskyn; en

(c) herroep ek hierby Goewermentskennisgewing AG. 171 van 1980.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 13 Julie 1984

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 96 1984

CONTROL OF GRAIN AND GRAIN PRODUCTS ORDINANCE, 1957: IMPORTATION OF MAIZE AND MAIZE PRODUCTS INTO AND PROCESSING OF MAIZE PRODUCTS IN SOUTH WEST AFRICA

Under the powers vested in me by section 8 of the Control of Grain and Grain Products Ordinance, 1957 (Ordinance 42 of 1957), and on recommendation of the Grain Board -

(a) I hereby prohibit the importation of all maize and maize products into the territory of South West Africa, excluding the Eastern Caprivi Zipfel, except on the authority of a permit issued by or on the authority of the Administrator-General and subject to such conditions as the person issuing such permit may in his discretion determine and specify in such permit;

(b) I hereby prescribe that maize products processed in the territory of South West Africa shall be marked by attaching to the original container thereof a label bearing the name and address of the manufacturer thereof; and

(c) I hereby repeal Government Notice AG. 171 of 1980.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 13 July 1984

Algemene Kennisgewings

No. 65 1984

MUNISIPALITEIT VAN KARASBURG

PERMANENTE SLUITING VAN OOP RUIMTE ERF NR. 176 LORDSVILLE

KENNISGEWING GESKIED hiermee ingevolge die bepalings van artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) dat die Raad van die Munisipaliteit van Karasburg voornemens is om erf 176 Lordsville permanent te sluit. Die voorgestelde sluiting word aangedui op 'n plan wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae lê.

General Notices

No. 65 1984

MUNICIPALITY OF KARASBURG

PERMANENT CLOSING OF OPEN SPACE ERF 176 LORDSVILLE

NOTICE IS HEREBY GIVEN in terms of section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) that the Council of the Municipality of Karasburg proposes to close permanently erf 176 Lordsville. The proposed closing is indicated on a plan which is open for inspection in the office of the Town Clerk during normal office hours.

Besware teen die voorgestelde sluiting moet, ingevolge artikel 183(3) van die genoemde ordonnansie, binne dertig (30) dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Burgerlike Beskerming, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 33, Karasburg bestel word.

A.P. Oberholster
STADSKLERK

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Government and Civil Defence, Private Bag 13289, and the Town Clerk, P.O. Box 33, Karasburg.

A.P. Oberholster
TOWN CLERK

No. 66 1984

MUNISIPALITEIT SWAKOPMUND

PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN MOSELEYLAAN IN TAMARISKIA

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Swakopmund van voorneme is om 'n gedeelte van Moseleylaan soos aangedui op plan nr 63 T 79 4 wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae lê, permanent te sluit met die oog op die konsolidasie van voormelde straatgedeelte met erwe 81 - 94, erf 129 en die geslote Haupts-, Paulson- en Robinsonlane in Tamariskia.

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge artikel 183(3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig (30) dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Administrateur-generaal bestel word.

W M VAN NIEKERK
STADSKLERK

No. 66 1984

MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND

PERMANENT CLOSING OF A PART OF MOSELEY AVENUE IN TAMARISKIA

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Swakopmund proposes to close a part of Moseley Avenue permanently as indicated on plan 63 T 79 4 which lies for inspection during office hours at the office of the Town Clerk, in order to consolidate the aforementioned streets with Erven 81 - 94; Erf 129 and the closed Haupts, Paulson and Robinson Avenues in Tamariskia.

Objections to the proposed closing are to be served on the Administrator-General within thirty (30) days from the date of publication of this notice in terms of Section 183(3) of the said Ordinance.

W M VAN NIEKERK
TOWN CLERK

No. 67 1984

STAD WINDHOEK

PERMANENTE SLUITING VAN STRAATGEDEELTES TUSSEN REGINALD WALKER EN GRANT WEBSTER STRAAT, OLYMPIA

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit van Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan P/1433/A Rev. 1 wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 712, Stadhuis, Kaiserstraat ter insae lê, permanent te sluit:

No. 67 1984

CITY OF WINDHOEK

PERMANENT CLOSING OF STREET PORTIONS BETWEEN REGINALD WALKER AND GRANT WEBSTER STREETS

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963, (Ordinance no 13 of 1963) as amended that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indicated on plan P/1433/A Rev. 1 which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 712, Municipal Offices Kaiser Street:

Gedeeltes a, b en c van die straatgedeelte tussen Reginald Walker- en Grant Websterstraat (Olympia)

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Artikel 183 (3) van bogemelde ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Burgerlike Beskerming, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59 Windhoek bestel word.

A C ARNOLD
STADSKLERK

Portions a, b and c of the street portion between Reginald Walker and Grant Webster Streets (Olympia).,

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Government and Civil Defence, Private Bag 13289, and the Town Clerk P O Box 59, Windhoek.

A C ARNOLD
TOWN CLERK

No. 68 1984

STAD WINDHOEK

PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN OPENBARE OOP RUIMTE, ERF 1128, KATUTURA

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan P/1309/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 709, Stadhuis, Kaiserstraat ter insae lê, permanent te sluit:

'n Gedeelte van Openbare Oop Ruimte, Erf 1128, Katutura, Uitbreiding 8.

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Artikel 183 (3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Burgerlike Beskerming, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word.

A.C. ARNOLD
STADSKLERK

No. 68 1984

CITY OF WINDHOEK

PERMANENT CLOSING OF PORTION OF PUBLIC OPEN SPACE, ERF 1128, KATUTURA

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963, (Ordinance no. 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indicated on plan P/1309/A which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 709, Municipal Offices, Kaiser Street:

A Portion of Public Open Space, Erf 1128, Katutura, Extension 8.

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Government and Civil Defence, Private Bag 13289, and the Town Clerk, P.O. Box 59, Windhoek.

A.C. ARNOLD
TOWN CLERK

No. 69 1984

DORPSSTIGTING: OKAHANDJA (UITBREIDING 5):

Kennis geskied hierby kragtens subartikel (5) van artikel 5 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling, 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) dat aansoek gedoen is om die stigting van die dorp Okahandja (Uitbreiding 5) en dat die aansoek en

No. 69 1984

ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP OKAHANDJA (EXTENSION 5):

Notice is hereby given in terms of subsection (5) of section 5 of the Townships and Division of Land Ordinance 1963 (Ordinance 11 of 1963) that application has been made for the establishment of the township Okahandja (Extension 5) and that

sketsplan ter insae lê by die Kantoor van die Direkteur: Plaaslike Owerhede en Burgerlike Beskerming, Windhoek.

Elkeen wat beswaar het teen die toestaan van die aansoek of wat 'n verklaring in verband met die saak wil aflê, kan persoonlik voor die Dorperaad getuig by die vergadering van die Dorperaad wat gehou sal word op 21 Augustus 1984 om 8h30 in die Kantoor van die Landmeter-generaal, Windhoek, of hy kan skriftelik getuienis by die Dorperaad, Privaatsak 13289, Windhoek, indien: Met dien verstande dat die sodanige getuienis die Sekretaris van die Dorperaad nie later nie as 13 Augustus 1984 moet bereik nie.

G. REUTER
VOORSITTER: DORPERAAD

the application and sketch-plan is lying open for inspection at the Office of the Director: Local Government and Civil Defence in Windhoek.

Any person who wishes to object to the granting of the application or who desires to be heard in the matter, may give personal evidence before the Townships Board at the meeting of the Board which will be held on the 21st August, 1984 at 8h30, in the Office of the Surveyor-General, Windhoek, or submit written evidence to the Townships Board, Private Bag 13289, Windhoek: Provided that such written evidence shall reach the Townships Board not later than 13th August, 1984.

G. REUTER
CHAIRMAN: TOWNSHIPS BOARD:

No. 70 1984

MUNISIPALITEIT OUTJO: WYSIGING VAN AANSLAGTARIEF OP ELEKTRISITEITS-LEWERING

Die raad van die Munisipaliteit Outjo het kragtens artikel 242 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die Aanslagtarief op Elektrisiteitslewering afgekondig by Goewermentskennisgewing 96 van 1973, soos gewysig, verder gewysig, deur in item 3 van Deel B die bedrag "R4,10" deur die bedrag "R9,50" te vervang.

Genoemde wysiging is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

O.J. BRITZ
STADSKLERK

No. 70 1984

MUNICIPALITY OF OUTJO: AMENDMENT OF TARIFF AND CHARGES RELATING TO THE SUPPLY OF ELECTRICITY

The council of the Municipality of Outjo has under section 242 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the Tariff and Charges relating to the supply of Electricity promulgated under Government Notice 96 of 1973, as amended, by the substitution in item 3 of Part B for the amount "R4,10" of the amount "R9,50".

The said amendment has been approved by the Administrator-General under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

O.J. BRITZ
TOWN CLERK

No. 71 1984

MUNISIPALITEIT TSUMEB

KENNISGEWING NR. 19/84

KONSEPDORPSBEPLANNINGSKEMA (VOORLOPIG)

Kennis geskied hiermee ooreenkomstig regulasie 5 van die Dorpsbeplanningsregulasies, 1974, afgekondig by Goewermentskennisgewing nr. 102 van 1 Junie 1974, dat die Stadsraad van die Munisipaliteit van Tsumeb, voornemens is om sy konsepdorpsbeplanningskema (voorlopig) te aanvaar.

No. 71 1984

MUNICIPALITY OF TSUMEB

NOTICE NO. 19/84

DRAFT TOWN PLANNING SCHEME(PRELIMINARY)

Notice is hereby given in terms of regulation 5 of the Town Planning Regulations, 1974, promulgated by Government Notice No. 102 of the 1st June 1974, that the Council of the Municipality of Tsumeb intends to adopt its draft town planning scheme. (preliminary)

Die konsepdorpsbeplanningskema (voorlopig) lê ter insae in die Munisipale Kantore, Tsumeb, gedurende kantoorure en enige skriftelike besware of vertoë moet die Stadsklerk, Posbus 275, Tsumeb, nie later as een maand na die datum van die laaste publikasie van hierdie kennisgewing in die Offisiële Koerant bereik nie.

O.J. BRITZ
STADSKLERK

The said draft town planning scheme (preliminary) is available for inspection at the Municipal Offices, Tsumeb, during office hours.

All written objections or representations must reach the Town Clerk, P.O. Box 275, Tsumeb, within a period of one month from the date of the last publication of this notice in the Official Gazette.

O.J. BRITZ
TOWN CLERK

Gedruk deur en verkrygbaar by
SWAPERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
SWAPERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa